

8 Februarie

Matteus 11:25-30 (5:5)

Die ware Koninkryksburger: Nederig maar skatryk as erfgenaam van God

Hardkoppige selfhandhawing was nog altyd die uitbroeines van die kwaad. Teen die negatiewe agtergrond moet die woord "sagmoedig" in ons teks bekyk word, met ons Here Jesus as die regte Voorbeeld, want Hy sê van Homself: "... leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart" (Matt 11:29) ook Fil. 2:5.

Wie is dan die sagmoedige van ons teks? Beslis nie sagmoedige Neelsie nie! Laat ons dit reg sê: Dit is die ware Koninkryksburger: Die arme van gees, die treurende oor sy sonde. Dit is die kind van God wat só deur die Heilige Gees gelei is dat hy tot die insig gekom het dat selfhandhawing, die eie ek, trotsheid en die vergeldingsdrang, geen vastrapplek in sy lewe mag hê nie. Hy het uit genade 'n nuwe, nederige hart ontvang, want hy het by die voete van Jesus, die groot Sagmoedige gekom en hy volg Jesus se voorbeeld van nederigheid wanneer hy met sy medemens te doen kry. Die saligheid van hierdie Koninkryksburger is dat hy die aarde sal beërwe, sê Jesus. Deur sy voorsienigheid sorg die HERE besonderlik vir sy kinders op hierdie aarde, in die opsig het hulle alreeds groot besittings (2 Kor. 6:10). Maar omdat hulle aan Jesus Christus behoort, is hulle erfgename van God, erfgename van die nuwe aarde en daarom skatryk!

As jy wat jousef 'n Christen noem, na jousef kyk, sien, jy iemand wat selfhandhawing laat vaar het? Sien jy 'n mens wat op die Godgewilde wyse nederig voor jou medemens is en wat weet jy is 'n erfgenaam van God?

Sing: Psalm 37:5, 17, 18

Ds. R.L. Vorster (Odendaalsrus)